## J. MATTHEWS: DISCOVER HISTORY. A PUPIL CENTERED APPROACH TO HISTORY METHOD. MASKEW MILLER LONGMAN. R27,44

Die vak geskiedenis is tans onder hewige spervuur oor onder meer sy grootliks irrelevante onderrigstrategieë en daarom is enige vakliteratuur wat bogenoemde strategieë wil regstel 'n baie welkome publikasie.

Die werk van Matthews is uitstekend afgewerk en met 'n treffende buiteblad en talle goeie sketse is dit 'n baie leesbare werk. Die skrywers, wat werklike goeie navorsing i.v.m. die historiese teorie gedoen het, is suksesvol in hul poging om 'n metodologie aan te bied waardeur die vak meer relevant kan wees in Suid-Afrika. Die metode berus op die beginsels van kindgesentreerdheid en van vaardigheidsverwerwing. Onderwysers sal met vrug kan gebruik maak van die werk om hulle te lei na die presiese doel van die dissipline. "Nuwe" konsepte soos historiese empatie word baie goed verduidelik.

In die res van die werk word ander praktiese aspekte van die klaskamerpraktyk gehanteer. Aspekte soos inhoudseleksie, navorsing, beoordeling, projekwerk, uitstappies en organisering van 'n geskiedenisdepartement word op 'n sinvolle wyse aangebied.

Die gehalte en waarde van die werk word egter benadeel deur die feit dat, alhoewel die werk gebaseer word op die ontwikkeling van vaardighede, daar geen sinvolle poging aangewend word om aan te toon hoe dié vaardighede op 'n progressiewe wyse vanaf st. 2 tot en met st. 10 aangeleer moet word nie. Dit word vererger deur die feit dat daar nie 'n duidelike onderskeid tussen die onderrig van dié vak in die primêre en sekondêre skool gemaak word nie.

Dit is ook jammer dat daar nie 'n beter sisteem is oor die gedeelte wat handel oor die klaskamerpraktyk nie. Dié gedeelte, wat goeie inhoud bevat, kom voor asof daar min verband met die ander gedeeltes is. 'n Belangrike hoofstuk soos Opstelskryf (p. 71) hanteer bv. slegs die metode van die sekondêre skool en ignoreer die primêre skool totaal.

Van die voorbeelde wat in die werk voorkom, is soms ook verwarrend omdat dit nie vir 'n spesifieke groep leerlinge bedoel is nie. Indien dié voorbeelde vanuit die praktyk afkomstig was, sou die probleem nie aanwesig gewees het nie.

In die geheel gesien is dit 'n bruikbare werk, oor 'n onderwerp waaroor daar dringend nog meer geskryf moet word veral na aanleiding van praktiese werk wat in klaskamers gedoen word.

Dr. J.J. Joubert